# MADE FOR MISSION



*Group Notes*

## Inleiding Vir Die Volgende Ses Weke.

**INLEIDING:**
Hallo almal! Hierdie week **begin ons met 'n opwindende "Campaign"** genaamd **"Made For Mission".** Vandag is ons 'n geleentheid om weg te spring en reg te maak om diep in te duik in dit wat God vir ons in die volgende 6 weke in stoor het.

Dankie dat jy vir hierdie 6 weke deel van 'n kleingroep is. Dis voorwaar die manier hoedat jy die maksimum van hierdie reeks gaan beleef.

**Wat jy kan verwag is:**
Weeklikse Preke op Sondae.
Weeklikse Groepvideos en Groepnotes.
Daaglikse "Devotionals" om jou elke dag te fasiliteer in die Woord en gebed.

**WAAROOR GAAN DIT?**
**('n opsomming van die volgende 5 weke)**

- **Week 1** - Ons is gemaak vir meer as net om te bestaan en om eendag hemel toe te gaan, die lewe is om ook hier en nou te leef.
- **Week 2** - Ons sien hoedat die teenwoordigheid van God 'n leefwyse is wat ons elke dag kan leef en hoe dit impak deur ons kan hê.
- **Week 3** - Jy het die geleentheid om ń Disc persoonlikheidstoets te doen – Hierdie is verseker 'n instrument wat jy met groot vrug in jou alledaagse verhouding met mense kan gebruik. Ons praat oor die spesifieke rol wat God vir jou gegee het om uit te leef. Ons elkeen het 'n spesifieke gawe om in ons lewe te gebruik tot die groter doel van God vir die lewe

- **Week 4** - Kry jy die geleentheid om jou eie Missiestelling saam te stel – Hierdie "Mission Statement" gaan jou help om gefokus te bly ten einde jou rol en doel vir jou lewe uit te leef.
- **Week 5** - Die laaste week leer ons dat ons nie op aarde net vir onsself is nie. Ons wil jou aanmoedig om dit wat jy in die laaste paar weke oor jouself geleer het in die stad en jou gemeenskap as ń ware City Changer uit te leef. Definieer jou bepaalde City Changers doelwit.

## BEGIN DIE GESPREK:
### (Kom ons leer mekaar beter ken)

***V:*** *Stel jouself voor, deel bietjie meer van wie jy is en wat jy doen?*
***V:*** *Wat is een interessante ding wat min mense van jou weet?*
***V:*** *Is jy ń Koffie of Tee mens?*
***V:*** *Hoe lank is jy al deel van Doxa Deo?*
***V:*** *Wat is jou belewenis van ons Kerkfamilie?*
***V:*** *Deel met ons wat jou verwagting is vir die volgende 6 weke, wat is dit wat jy hoop om te ontdek?*

## BID SAAM:
Kom ons spandeer tyd saam in gebed, neem die vrymoedigheid om vir iemand langs jou of in die groep te bid - ons vertrou dat die Here ons sal gebruik om saam 'n groot impak in mekaar se lewens te hê in die volgende paar weke, en dat Hy ook vir elkeen van ons 'n ongelooflike 6 weke van ontdekking en transformasie beplan. Ons bid dat die Here kragtig in en deur ons gaan werk.

---

## Daaglikse "Devotionals"

"SCAN" DIE KODE OM BY ONS AAN TE SLUIT IN 'N 40 DAE PERSOONLIKE LEESPLAN.

